# Jaarlikse indieningssperdatum vir voorlopige belastingpligtiges en trusts, is 20 Januarie 2025

**Tshwane, 17 Januarie 2025** - Die sperdatum, vir trusts en individuele belastingpligtiges wat voorlopige belastingpligtiges is, om hulle jaarlikse inkomstebelastingopgawes vir die 2024-belastingjaar in te dien is Maandag, 20 Januarie 2025.

Die 2024-jaar van aanslag verwys na die tydperk tussen 1 Maart 2023 en 29 Februarie 2024.
'n Voorlopige belastingpligtige is enige persoon wat inkomste verdien of aan wie dit toeval, buiten besoldiging. 'n Trust is ingesluit by die omskrywing van 'n "persoon" ingevolge die Wet op Inkomstebelasting, nr. 58 van 1962, en word daarom as 'n belastingpligtige geag.

Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) wil graag die belastingpligtiges bedank wat reeds hulle jaarlikse belastingopgawes ingedien het en moedig belastingpligtiges wat dit nog nie gedoen het nie aan om dit voor die naderende sperdatum te doen.

Belastingpligtiges, trusts ingesluit, is wetlik verplig om vir die toepaslike belasting te registreer, belastingopgawes in te dien, akkurate verklarings in hulle belastingopgawes af te lê en verskuldige betalings aan SARS te maak, waar van toepassing. Nienakoming van hierdie verpligtinge is 'n kriminele oortreding en sal tot boetes en rente lei. Belastingpligtiges moet vir eFiling registreer om hulle jaarlikse inkomstebelastingopgawes in te dien.

Dit is belangrik om kennis te neem dat alle trusts vereis is om jaarliks 'n belastingopgawe in te dien, insluitend dié wat nie ekonomies aktief is nie. Die trustees is die "verteenwoordigende belastingpligtige" van 'n trust en is wetlik verplig, in hulle amptelike en persoonlike hoedanigheid, om hulle belastingverpligtinge na te kom, al maak hulle van 'n belastingpraktisyn gebruik om die trust se belastingsake namens hulle te behartig. SARS sal alle trustees van 'n trust gesamentlik en onderskeidelik vir die trust se nienakoming van belastingverpligtinge aanspreeklik hou.

SARS het dit vir belastingpligtiges maklik gemaak om nakomend te wees by wyse van aanlyn indieningsopsies. Die persoonlike inkomstebelastingopgawe (ITR12) en trustinkomstebelastingopgawe (ITR12T) kan op eFiling bekom word, terwyl 'n afspraak by 'n SARS-tak op die SARS-webtuiste gemaak kan word.

Belastingpligtiges word aangemoedig om na die SARS-webtuiste te verwys vir verdere inligting oor hulle belastingverpligtinge deur die volgende skakels: Trusts, Tax Filing Season 2023 en Provisional Tax. Die SARS-webtuiste verskaf 'n toegewyde trustswebblad met gereelde bywerkings oor 'n trust se verpligtinge, handleidings en 'n lys van stawende dokumente vir trustbelastingregistrasie. Video-tutoriale en webinare oor trustbelastingnakoming kan by https://www.youtube.com/@sarstax besigtig word.

Uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens